NNNN
ZCZC 020 01621
AAHQ16 FAME 030650
MP 581

M45/199 PAGE ONE OF TWO PAGES
AANDAG : TANNIE VAN STADEN

MARION 45 NUUSBRIEF SEPT 88

GROETNIS WEEREENS HIER VANAF MARION WAAR ALLES VOOR DIE WIND GAAN. NA N KORT VERTRAGING IS DIE AGULHAS OP DIE 17DE SEPTEMBER TERUG NA KAAPSTAD EN HET DIE WOELIGE TAKE OVER TOT N EINDE GEKOM. DIE TAKE OVER PARTY SAL NATUURLIK DEUR N IEDER EN ELK ONTHOU WORD ALHOEWEL DAAR SOMMIGE SPANLEDE IS WAT DIT EERDER SAL WIL VERGEET. DIRK SE AANWENDING VAN SY RUBBERSTEWEL WAS SEKER NIE WAARVOOR DIT BEDOEL WAS NIE MAAR WAS TOG PRAKTIES.

DIE WINTER HET , WAT HOPELIK N LAASTE STUIPTREKKING WAS GEGEE EN HET DIT 3 DAE OPHOUDELIK GESNEEU. WAT DEUR ALMAL GENIET WAS. DIE FEIT DAT WATER VIR HUISHOUDELIKE GEBRUIK IN EMMERS AANGEDRA MOES WORD WAS NIE GENOEG OM DIE GEES TE DEMP NIE. ASOF DIE EMMERS WATER NIE SWAAR GENOEG WAS NIE HET MARC EN MARTIN NOG HINDERLAE MET SNEEUBALLE GEL E OM DIE WATERDRAERS BIETJIE SPOED TE GEE .

DIE KOMS VAN DIE LENTE IS DUIDELIK TE BESPEUR IN DIE GEDRAG VAN ONDERSKEIE VO ELSPESIES WAT IN DIE SOMER EILAND TOE KOM OM TE BROEI. DIE GRYSKOP-BRUIN EN SWARTKOP MALMOKKE (ALBATROSSE) SE HOFMAKERY EN NESBOU AKTIWITEITE IS IETS OM TE SIEN EN ONS SIEN UIT NA DIE EERSTE KLEINTJIES SE KOMS LATER DIE JAAR. DIE REUSE - EN GROOT= NELLIES (PETREL S) SIT REEDS OP EIERS EN STEVE HET KLAAR N STAPPIE OM DIE EILAND ONDERNEEM OM DIE ONDERSKEIE VO ELS TE RING EN DIE MONITOR KOLONIES NA TE GAAN. DIE ROOFMEEUE IS OOK BESIG OM AF TE J PAAR EN HUL GEBIEDE TE BEPAAL. DIE GROOTMALMOK KUIKENS WAT REEDS IN MAART UITGEBROEI HET IS NOU BESIG OM VERE TE KRY TER VOORBEREIDING VIR HUL BERTREK DESEMBER WANNEER HULLE VIR 5 TOT 7 JAAR SEE TOE GAAN VOORDAT HULLE AS VOLWASSE VO ELS TERUGKEER OM TE BROEI.

OP DIE 8STE SEPTEMBER HET DIE EERSTE WYFIE OLIFANTROB OOK OP TRYPOT STRAND AANGEKOM EN IS IAN EN RORY SE WERK VIR HULLE UITGEKNIP. VIR +- 65 DAE MOET DIE 2 MANNE IN N OPSERVASIE HUT SIT VIR IAN SE STUDIES EN MENS KAN HULLE SLEGS STERKTE TOEWENS.

MET DIE KATUITWISSINGSPROJEK GAAN DIT OOK GOED EN IS 22 KATTE IN N BETREKLIKE KORT TYD UITGEWIS. STRAALTJIES VAN AL DIE JAGTERS SE ONDERBERINGS IS REEDS VOLOP MAAR DIE BESTE IS SIKER CLIVE EN FRANCOIS SE 15 UUR WANDELING OP SOEK NA N HUT NA AFLOOP VAN N JAG EEN AAND. PETRUS HET SELF GOED GEDOEN DEUR TOT BY SY BORS IN N MIRE TE SINK TYDENS N SNEEUSTORM EN HET HOMSELF BASIS TOE GEBEWE WAT SOWAT 80 MINUTE SE STAP WEG WAS. HY REKEN NOU DAT DAAR TOE N VERSKIL TUSSEN DIE LAEVELD EN MARION IS.

DIE SEWE SPANLEDE WAT OORWINTER HET SE RUSTIGE TYD IS NOU OOK VERBY. ARME MARC MOET BRIEWE UITTOOR VIR JAGTERS WAT 10 DAE IN DIE VELD WAS EN MENS WONDER BEITJIE WAAROM JOHNNY SO AANHOUDEND NA POS VERNEEM. STEVE (SPARKS) EN GERRIT MOET OOK BONTSTAAN OM JAGTOERUSTING TE HERSTEL WAT GEDURIG AANDAG NODIG HET. STEPHEN STAP OOK MEER GEREELD KOSSTOOR TOE OM DIE SPENS AAN TE VUL WAT FEITLIK OORNAG GESTROOP KAN WORD. DANIE, PETER EN DAVE SE WEERVOORSPELLINGS WORD AANDLIKS UITGETOETS EN HULLE KRY NATUURLIK DIE SKULD VIR SLEGTE WEER.

EINDE BLADSY EEN.

NNNN
ZCZC 021 01621
AAHQ16 FAME 030655
MP 582

M45/199 BLADSY TWEE VAN TWEE BLADSYE

DAVE HET VERDER BEGIN MET SY KILLER CAGE WAT GEBRUIK GAAN WORD OM SAAM MET DIE MOORDWALVISSE IN VEILIGHEID TE DUIK. WANNEER HULLE MEER GEREELD HUL OPWAGTING MAAK.

VERJAARSDAE DIE LAASTE MAAND WAS VOLOP. COLIN, IAN O., IVAN EN STEVE H. KON ELK N KERSIE BYSIT EN EK DINK HULLE HET DIE VOLGENDE OGGEND SOMMER HEELWAT OUER GEVOEL.

NOU JA VRIENDE U WORD ALMAL HARTLIK GENOOI OM MARC SE WERK VIR HOM MAKLIKER TE MAAK SO LAAT ROL MAAR DIE BRIEWE.

HIER VOLG DIE WEER DATA VIR DIE MAAND SEPTEMBER SOOS VERSKAF DEUR DANIE EN SY SPAN:

GEM. LUGDRUK.....1004,0 HPA
GEM TEMP.....3,9 GRADE C.
GEM VOG.....82
GEM SONSKYN PER DAG..3,5 URE
RE ENVAL VIR MAAND....205,4MM

NUUSBRIEF DEUR DEON M ULLER

8.10.03